# GELOFTEDAG*

Vir die gelowige wat die slag van Bloedrivier bestudeer het, sal daar geen twyfel bestaan dat daar in Desember 1838 'n heilige verbond tussen God die Here en die Voortrekkers bestaan het nie. Die gelofte van Danskraal ken ons woordeliks en weet dus sonder twyfel van die een kant van die verbond.

Maar ook die ander kant, God se antwoord, is duidelik. In die eerste plek het Hy die oorwinning en verlossing geskenk. Nog duideliker is die wonder van die verloop van die geveg. Ons wys slegs op twee uit 'n aantal openbarings.

Die oormag stort oor die laer soos 'n vloed, maar elke keer, uiters gerieflik — wanneer die omslagtige voorlaaiers nie meer kan byhou nie en dit lyk asof hulle oorweldig sal word — val die hordes terug. Nooit dring hierdie andersins so vasberade vegters deur nie. Hulle bied hulle net as 't ware gerieflik aan om doodgeskiet te word. Dink daaraan: watter hoop sou een man normaalweg met sy stadige geweer teen 'n twintig aanstormende Zoeloes gehad het? Binne twintig sekondes swerm ten minste vyftien oor hom! God het die vyand egter weerhou en telkens aangebied om gedood te word — soos in menige veldslag in die Bybelse geskiedenis verhaal.

Is dit geloofbaar dat drie duisend Zoeloes gedood is en nie een enkele Voortrekker nie? Was die Zoeloes sulke powere vegters? Hulle wat asgaaie van kindsbeen af leer hanteer het, wat ongediertes en wildsbokke in volle vlug sekuur kon tref — hulle kom nou tot teenaan die waens, werp telkens 'n wolk asgaaie oor 'n paar tree afstand na die vyand gedurende lang ure van gevegte — en die eindresultaat is: nul! God het 'n skans om sy verbondsvolk gehou. „Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand — na jou sal dit nie aankom nie" (Ps. 91 : 7).

So kan die wonders voor en gedurende die slag vermenigvuldig word.

'n Volk in angs het geroep; God het verlos. Daar was 'n heilige gelofte; 'n verbond is gemaak.

En nou kom ons by die waardebepaling van die nakoming van die

[* By geleentheid van Geloftedag-feeste verlede jaar is die algemene behoefte aangevoel om die diepere betekenis van die dag weer eens te deurgrond. Die redaksie is dankbaar dat dr. Johann Bekker hierdie saak op so 'n treffende wyse onder die aandag bring. Die redaksie nooi sy lesers vriendelik uit om by wyse van artikels of in die diskussie-rubriek verdere verdieping te bring. — Red.]

gelofte. Daar is geen sprake van willekeur nie; ons is as volk gebonde. Ons mag nie slegs uit diepe erkentlikheid en dankbaarheid die wonderslag in herinnering roep nie, maar ons moet dit doen, omdat ons vadere die nageslag verbind het met 'n plegtige gelofte. Gods woord bepaal: „As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie... Betaal wat jy belowe" (Pred. 5 : 3).

Nou is die vraag: Hoeveel van ons ouers verhaal die gebeure van Bloedrivier jaarliks aan ons kinders — en wel in sy diepere betekenis? Hoeveel verhaal ooit iets daarvan? Is dit die wyse waarop ons vir die eer van God waak?

En dan, meer nog, daardie sabbatsgedagte! Ons wil hier nie breed ingaan op die flagrante minagting van die gelofte deur die massas wat daarvan 'n werkdag of 'n blote vakansie en ontspanningsdag maak nie. Dit is selfs die geleentheid vir 'n Dingaan's Day Handicap met sy brassery, weddenskappe en uitspattighede. Watter hemeltergende bespotting van wat 'n heilige verbintenis moet wees!

Maar dit word ook tyd dat die behoudende groep, hulle wat geloftedag nog wel gedenk, opnuut besin. Geloftefees het te veel 'n gewoonte geword, 'n stereotipe meedoen onderwyl die ware betekenis so dikwels verbygaan. Dit het egter ook 'n fees geword wat sy ware karakter verloor en 'n karikatuur van die instellingsgedagte geword het.

In 1838 was daar nood, ontsettende angs. Uitwissing van alle blanke lewe en Christelike beskawing is verwag. Nou moes God help. Soos by Mahánaim moes sy hemelse slagordes saamtrek. Pretorius was die vader van die geloftedag, maar Cilliers het gehuiwer. Gestel dat die nageslag nie die gelofte in ere hou nie... ! Dit is mos 'n ernstige saak.

Daar is so baie motiewe, maar uiteindelik sal vir die nakoming van die gelofte slegs die een helder omlynde motief oorbly: die eer van Gods Naam. Christelike beskawing, lig vir die duisternis, dank vir uitredding en behoud van lewens, alles vervloei uiteindelik tot een groot dank- en jubellied tot verheerliking van sy Naam.

Daarom sou aan die kinders en die nageslag die wonder van Bloedrivier verhaal word. Hulle moet God se magtige dade en trou leer ken — om die eer van sy Naam! Daarom sou daar 'n huis vir die Here gebou word — om die eer van sy Naam. Daarom sou Bloedriviersdatum steeds soos 'n sabbat wees, 'n dag van die Here — om die eer van sy Naam. Daarom sou Geloftedag tot in die verste geslagte steeds weer en weer 'n geheiligde sabbat wees, een van rus en besinning, 'n historiese gedenkdag, 'n sabbat waarin God se barmhartigheid, almag, verlossing, genade teenoor 'n volk, sy vrye soewereiniteit geloof word en die eer van sy Naam — slegs die eer van God en niks meer nie — gesoek word. Want onthou hoe sidderend-bevrees die klompie Trekkers was toe die gelofte afgelê is; toe verlossing bepleit is om die glorie en almag van God

te toon. Sabbat — erediens! Niks minder as suiwer erediens waarin slegs die eer van God gesoek word nie.

Dit was die oorsprong. Hoe vloei die stroom nadat dit ver gekom het? Ons spreek slegs nou van die behoudende groep, Geloftefees soos u en ek dit vier.

16 Desember, sabbatdag, is geen sabbat meer nie, ook nie vir die feesgangers nie. Dit het veelal 'n prestige-fees geword. Buurfeeste wedywer oor wie die beste (eintlik die beroemdste) sprekers kan vind, wie die mooiste fees kan organiseer waaroor die mense die langste praat. Dorpe en stede met historiese betekenis wedywer oor wie die grootste aanbieding kan lewer. Daar word dan ook 'n beroep op kleiner feessentrums gedoen om soms hulle feeste te laat vaar en by die grotes in te skakel. Dit word al meer roemryke volksfeeste in plaas van suiwere Godsfeeste waar met diepe bewoënheid en nederigheid die aangesig van God gesoek word.

Ons Geloftefees is ook dikwels 'n suiwer humanistiese fees waar volkshelde en sporthelde optree, boodskappe lewer, bewonder word. God self word stelselmatig verdring. Ons moet besin voordat dit te laat is!

Persoonlik is dit vir my mooi en opbouend as daar op 15 Desember reeds „laer" getrek word. Daar word uitgekamp, vleis gebraai, stemmingskonserte gehou, vertellings gedoen, boodskappe gelewer, 'n eenheidsband in kultuur-historiese gees gesmee en dit dien as voorspel tot en wek die regte gesindheid vir die gewyde feesdag wat moet volg. Waar daar dan saamtrekke is, behoort daar na my beskeie mening 'n vroeë oggenddiens op 16 Desember te wees, later 'n erediens waar die gelofte herhaal word, volop gewyde sang — en die boodskap behoort slegs in en deur die preek deur die predikant self gebring te word. Die agtermiddag vind die tweede groot diens plaas. Alles sal dan hopelik wentel om die grootmaking van die Naam van onse Here. Dit sal „soos 'n sabbatdag" wees. Hier is in elk geval 'n nodige veld van ondersoek vir plaaslike studiekomitees.

Op hierdie dag, maar liefs die vorige dag, kan ook (byna in geykte vorm) aan die jong geslag verhaal word hoe die Here ons volk uitgered het. Die geskiedenis sal nie hoofsaak wees nie, maar slegs as agtergrond dien vir die goeie begrip van God se almagsdaad. Dink u dit is te veel om jaarliks hiervan te verhaal? Weet dan dat die tradisionele Jood die wonder van Paasfees teenoor sy kinders bly herhaal; hulle leer dit van buite, dit word deel van hulle religieuse en seremoniële lewe. Hulle skryf dit op die tafel van die hart, bind dit om die voorhoofde — leef daarmee saam. En ons? Ons praat selfs nooit of selde met ons kinders oor ons verbond en uitredding!

In „Die Transvaler" van 18 Desember 1962 is minister T. E. Dönges se verblydende oproep tydens sy feestoespraak op die Groote Schuurlandgoed aangehaal, nl. dat Geloftedag weer vir alle Suid-Afrikaners moet

word wat dit eintlik is — 'n Godsdienstige feesdag soos 'n sabbatdag. „Ek pleit vir 'n terugkeer na die suiwere vervulling van die Gelofte, nie as bysaak of medesaak nie, maar as suiwere alleensaak", het hy verder gesê.

16 Desember 1962 het op Sondag geval. In baie gemeentes is Geloftefees toe suiwer as 'n sabbatdag in die vorm van eredienste gevier. Hoe weldadig rustig het dit nie aangedoen nie, so vry van humanistiese grootdoenery. Die kontras met vorige feeste was opvallend, en daarom het ons hier probeer pleit vir die deurtrek van suiwer riglyne. Laat Geloftedag weer sabbatdag word, die dag van die Here. Laat ons die volksfeeste eenvoudiger hou op 16 Desember self en die tierlantyntjies en volkstoesprake vir 15 Desember en vir Heldedag (10 Oktober) bêre. Laat ons maar voordragkompetisies, mooidoenery, eersoekery, mensverheerliking, geleerde toesprake en politiekgekleurde redes en die uitbuiting van 'n gewyde geleentheid vir groepbelange streng weer. Laat die groepfees iets suiwer in sy eenvoud wees, soos vroeër aangedui en gee die „groot manne" kans om op Heldedag en ander volksfeeste te praat.

En waar daar nie 'n groepfees is nie, kan 'n gemeente soos op 16 Desember net soos op 25 Desember in die kerk saamkom vir 'n erediens. Selfs 'n huisgodsdiens met die bykomende verduideliking op 'n afgeleë plaas is vir my soveel meer „soos 'n sabbatdag", as die grootdoenery van sommige volksfeeste waar die eer van God ook gesoek word.

Mag minister Dönges se oproep ons wakker skud en tot besinning bring! Mag daar vele feeskomitees wees wat hulle feeste drasties hersien! Mag daar vele kerkrade wees wat daaraan sal dink om die Bloedrivierslag in die kerkgebou te herdenk. Mag ons die uitwasse uit Geloftefees weer, want dit is nie net nog een volksfees meer nie, dit is 'n Godsfees — en alles moet geskied tot eer van die Almagtige.

Heidelberg. Johann Bekker.